

Dinsdag 9 September

Skrifgedeelte: Markus 4:35-41 (AFR33/53/2020)

Fokusgedeelte: Markus 4:41

Jesus se gesag oor die wind en die see demonstreer sy identiteit as God en as die Een op wie ons kan vertrou

Die Here Jesus het na 'n baie lang en uitputtende dag juis gekies dat Hy en sy dissipels hierdie roete te boot gaan volg. Die Here Jesus het natuurlik geweet dat die massiewe storm op pad is. Die See van Galilea rus op ongeveer 190 meter onder seevlak en word omring deur berge wat met diep klowe omhul is. Hierdie klowe dien as tregters om warrelende winde sonder kennisgewing op die meer te fokus.

Die storm was so erg, dit was asof die meer geskud word. Die dissipels het geen manier gehad op daardie verskriklike oomblik om dit te weet nie, maar daardie ellendige storm was 'n manier om hulle te leer oor Wie Jesus is en sy krag.

Ons Here Jesus was egter vas aan die slaap. Miskien wil Markus hê dat sy hoorders die Ou-Testamentiese konsep van rustig slaap moet onthou as 'n teken van vertrou op God soos Psalm 3 en 4 ons leer. Maar vanuit die perspektief van die dissipels kan niks meer ontmoedigend wees as om te sien hoe hulle meester in 'n krisis vas aan die slaap is nie (vs 38), en vandaar die teregwysing: "Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?" Hoe dikwels is ons in die beproewinge van die lewe geneig om die kleingelowige dissipels na te volg en uit te roep, "Here, gee U nie om nie?" Natuurlik gee Hy om!

Toe staan Hy (meteens) op, bestraf die storm en die storm kom meteen tot ruste. Jesus draai nou van die aanspreek van die storm na die aanspreek van die dissipels. Hy spreek 'n sagte teregwysing uit: "Waarom is julle bang? Het julle steeds geen geloof nie?" Hulle behoort teen hierdie tyd 'n groter begrip en groter geloof in sy persoon te hê.

Die vrees van die dissipels oor wat Jesus gedoen het en Wie Hy kan wees, oortref die vrees wat hulle oor die storm gehad het. Deur die storm stil te maak, het Jesus die gesag openbaar wat slegs deur God uitgeoefen is. Die teenwoordigheid van God is baie meer angswekkend as die mees vernietigende kragte van die natuur. Hulle vra: "Wie is Hy tog? Selfs die wind en die see gehoorsaam Hom!" Hy is die Seun van God.

Here Jesus is vol genade en liefde. Hy handel nie met hulle volgens hulle sondes nie, en beloon hulle nie volgens hulle ongeregtighede nie. Anders as met die storm, laat Hy hulle met rus, want Hy weet die tyd kom wanneer Hy sy lewe vir hulle sou aflê. Hy kon nog 'n groter werk doen as die storm stil maak. Hy kon die volle oordeel van God vir ons dra om die lewe en te kon teruggee!

*Sing: Psalm 107:1-4, 12, 13, 14, 15
Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)*